## Op Reis In Die Bybel Deel 7 – Matteus –

## Jesus die Messiaanse Koning wat die Skrif vervul

**Maar Matteus skryf nie sommer net ’n storie nie… hy skryf met ’n doel.**

**Matteus 16:16: *"U is die Christus, die Seun van die lewende God"*.**

Die Evangelie van Matteus neem ons op ’n reis:

- Van die **berg van lering** (die Bergpredikasie),
- na die **pad van dissipelskap**,
- tot by die **kruis en die opstanding**,
- en uiteindelik na die **Groot Opdrag**.

Matt. 1:21 ***“Sy sal aan ’n Seun geboorte gee, en jy moet Hom Jesus noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes red”***

**Die boek Matteus vorm die eerste boek van die Nuwe Testament en dien as 'n teologiese brug tussen die Ou en die Nuwe Testament.**

(Matt. 1:22; 2:15; 2:17; 2:23; 4:14; 8:17; 12:17; 13:35; 21:4; 26:56; 27:9). **"sodat vervul sou word wat deur die profeet gespreek is"**

'n **Sleuteltema** in Matteus: **"Koninkryk van die hemele"**

Die boek Matteus beklemtoon verder

- dissipelskap,
- gehoorsaamheid
- en sending

**Die evangelie sluit af met die Groot Opdrag (Matt. 28:18-20),**

**Historiese doel**

**Matteus skryf om aan Jode te bewys dat Jesus die beloofde Messias is-die Seun van Dawid en Seun van Abraham**.

**Die Geestelike doel**

**Die Bergrede (hfst. 5-7) leer die etiek van die Koninkryk.**

- Die wonderwerke (hfst. 8-9) toon sy gesag.
- Die Olyfbergrede (hfst. 24-25) roep tot waaksaamheid.
- Die Groot Opdrag (hfst. 28) roep tot sending en gehoorsaamheid.

**Christologiese doel**

Deur Sy lewe sien ons die hart van die Koninkryk:

- waar siekes genees word,
- gebrokenes herstel word,
- en sondaars genade ontvang.

Maar dan draai die verhaal…

- Hierdie Koning word verwerp.
- Hy word verraai, veroordeel en gekruisig.
- En tog—dit wat soos nederlaag lyk, word die grootste oorwinning.

**Matt 28:19 "Gaan dan heen en maak dissipels van al die nasies…"**